# Agri SA

## Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

**DIE PRESIDENT MOET VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR SY OPTREDE**

**THE PRESIDENT MUST BE HELD ACCOUNTABLE FOR HIS ACTIONS**

**4 April 2017**

**Die President moet verantwoordelik gehou word vir sy optrede**

In die lig van die onlangse kabinet-skommeling en gebrek aan ekonomiese leierskap deur die President se kantoor, het Suid-Afrika 'n gradering van rommelstatus van Standard & Poor (S&P) ontvang. Oor die afgelope 19 jaar het S&P slegs 23 lande afgegradeer na rommelstatus, waarvan slegs ses binne die kortste herstelperiode van 5 jaar herstel het. "Om te herstel van 'n afgradering verg 'n besondere poging van die politieke sowel as ekonomiese sektore van die samelewing. Die President moet nou verduidelik wat hy gaan doen om Suid-Afrika uit sy rommelstatus-situasie te kry," sê Johannes Moller, president van Agri SA.

S&P het verduidelik dat die afgradering die gevolg was van die kabinet-skommeling Vrydag kort na middernag. "Hierdie is 'n regstreekse gevolg van politieke besluite wat gemaak is en sal 'n impak hê op die onbestendigheid van die wisselkoers, devaluering van die rand, belegging en soewereine leningsvoorwaardes, en sal 'n nadelige uitwerking hê op landbouproduksie in Suid-Afrika, asook inwaartse belegging en potensieel voedselsekerheid," het Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur van Agri SA gesê.

"Die President moet aan Suid-Afrika verduidelik wat sy plan is om ons uit hierdie gemors te kry. As jy verantwoordelik is vir iets wat 55 miljoen Suid-Afrikaners raak, moet jy as staatsleier verduidelik wat jy gaan doen om die situasie reg te stel. Indien die President nie sy optrede kan veruidelik nie, moet hy bedank" aldus Möller.

"Agri SA is bekommerd oor die huidige verwikkelinge en die uitwerking wat dit het op politieke en ekonomiese sekerheid en stabiliteit in die land. Politieke en ekonomiese leierskap is die enigste manier waarop ons vorentoe kan beweeg," het Möller afgesluit.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

**Navrae**:

Johannes Möller, President van Agri SA, 082 647 8481
Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur van Agri SA , 082 417 5724

## The President must be held accountable for his actions

In the light of the recent cabinet reshuffle and the lack in economic leadership from the President's office, South Africa has received a rating of junk status by Standard and Poor (S & P). Over 19 years, S&P has downgraded only 23 countries to junk status, of those only six recovered with the shortest recovery time being 5 years. "To recover from a downgrade take considerable effort from both political and economic sectors of society. The President now needs to explain what he is going to do to get South Africa out of the junk status" Johannes Möller President of Agri SA remarked.

S&P explained that the downgrade is a consequence of the Cabinet reshuffle shortly after midnight on Friday. "This is a direct consequence of political decisions that were made, and will have an impact on currency volatility, devaluation of the rand, investor and sovereign lending terms, and would adversely affect agricultural production in South Africa, inwards investment and potentially food security", Omri van Zyl, Executive Director of Agri SA said.

"The President now needs to explain to South Africans what the plan is to get us out of this mess. If you are responsible for something that affects 55 million South Africans than you should, as the leader of the state explain what you will do to rectify the situation. If the President cannot explain his actions, he must step down", Möller added.

"Agri SA is concerned with the current turn of events and the effect this has on political and economic certainty and the stability of our country. Political and economic leadership is the only way to take us forward", Möller said in closing.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

**Enquiries:**

Mr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mr Omri van Zyl, Executive Director Agri SA, 082 417 5724